

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM		2017/08/11				2017/08/07		2017/07/17		+ - JAAR GELEDE 2016/08/15	
	2017/08/14		2017/08/11		2017/08/07		2017/07/17		2016/08/15			
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data		
Brent (\$/b)	51.84	0.48	↑ 0.9%	51.36	↓ -0.3%	51.99	↑ 5.9%	48.94	↑ 7.9%	48.06		
US\$: ? ZAR	13.46	-0.040	↓ -0.3%	13.50	↑ 0.5%	13.39	↑ 3.4%	13.02	↑ 1.4%	13.28		
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 907.61	-64	↓ -3.3%	R 1 971.74	*CBOT Sep sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Sep +12:00 die vorige dag							
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 171.16	-6	↓ -0.3%	R 2 177.62	*CBOT Sep sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Sep +12:00 die vorige dag							
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 624.23	-39	↓ -0.8%	R 4 662.78	*CBOT Aug sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Aug +12:00 die vorige dag							
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)												
Corn Sep '17	360.00	0.00	↑ 0.0%	371.00	↓ -2%	366.00	↓ -2%	365.00	↓ -3%	367.25		
Wheat Sep '17	439.00	0.00	↑ 0.0%	439.00	↓ -3%	454.00	↓ -1%	494.00	↓ -0%	488.25		
Soybean Sep '17	935.00	0.00	↑ 0.0%	940.00	↓ -2%	949.00	↓ -6%	985.00	↓ -4%	966.75		
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))												
SORGHUM Dec '17	3170	0	↑ 0.1%	3170	↑ 0.0%	3170	↑ 6.4%	3174		NA		
WMAZ SPOT	1859	-22	↓ -1.1%	1881	↑ 2.2%	1819	↑ 6.4%	1799	↓ -58.0%	4101		
YMAZ SPOT	1980	-20	↓ -1.8%	2000	↑ 2.8%	1926	↑ 5.8%	1919	↓ -41.3%	3093		
SOY 50 SPOT	4675	-38	↓ -0.6%	4713	↑ 1.4%	4609	↑ 5.9%	4768	↓ -30.0%	6391		
SUN SPOT	4739	-10	↓ -0.5%	4749	↑ 0%	4720	↑ 6%	4654	↓ -9%	5799		
WHEAT SPOT	4590	55	↓ -1.0%	4535	↑ 2%	4520	↑ 1%	4585	↑ 4%	4068		
OLIESADE (US\$/ton)	2017/08/11	Bron: Oilworld			2017/08/04	May 2017		June 2015				
Soya-oil, Arg.	754	↑ 2%	738	↓ 2%	769	↑ 12%	676					
Soya-pell, Arg.	302	↓ 4%	314	↓ 1%	339	↓ 8%	368					
Soybean, Brazil	415	↓ 0%	417	↑ 1%	410	↑ 1%	410					
USA Runner 40/50	1400	↓ 3%	1450	↓ 3%	1600	↑ 8%	1300					
Sun-oil, Arg.	730	↑ 1%	725	↓ 3%	755	↓ 9%	800					
Sun-oil, Black Sea	755	↑ 0%	752	↓ 1%	750	↓ 1%	750					
Sunseed,Black Sea	375	↑ 0%	375	↓ 6%	400	↓ 8%	409					
Rapeseed, EU cif	424	↑ 2%	414	↓ 0%	425	↑ 6%	399					
Palmk oil Mal, EU	1125	↑ 5%	980	↓ 23%	1470	↑ 8%	1037					

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel effens sterker as Vrydag-middag, met die mark wat 'n krediet afgradering van Moody's verweg het. Daar was egter geen aankondiging van Moody's Vrydagaand nie, want daar was geen plaaslike gebeurtenis wat 'n hersieningskomiteevergadering regverdig het nie. Die agentskap sal egter op Dinsdag, 15 Augustus 2017 'n normale kwartaallike kredietverslag aankondig. Die rand is sterker teenoor die dollar as gevolg van VSA inflasie data wat Vrydag vrygestel is. Amerikaanse verbruikersinflasie het in Julie met 1,7% gegroei, op vanaf 1,6% in Junie en dit kan Amerikaanse rentekoersverhogings in die wêreld laat ry. Tans verhandel die rand teen sowat R13.46 teenoor die dollar. Nie veel beweging is gesien in Brent ru-oliepryse nie. Die Internasionale Energie Agentskap het gesê die swak OPEC nakoming hou die oliemark in balans, ten spyte van die vraag na olie. Tans verhandel Brent-ru-olie teen ongeveer \$ 51.84 per vat.

Sojabone: Die sojabeonuitvoere vanaf die VSA en Brasilië vir Julie was 2.2 miljoen ton en 7 miljoen ton onderskeidelik wat meer is as wat die verwagtinge in die mark was. Die uitvoere vanaf Argentinië was aansienlik laer in Julie as verlede jaar. Die verwerkings van sojabone in die VSA en die 4 Suid Amerikaanse lande was naby aan die verlede jaar se vlakke teen 'n geskatte 12.2 miljoen ton gedurende Julie. Die sojabeonolie uitvoere van die hoof uitvoerende lande was ook hoër gedurende Julie. Die wêreld sojabeonvoorraad is hoër aangepas in verlede week se USDA maandelikse skatting wat teen die markverwagtinge was met die Amerikaanse sojabeon produksietoestande wat onder druk was die laaste ruk met ongunstige weerstoestande daar. Die USDA het die Amerikaanse produksieskatting vir die seisoen teen 'n rekordvlak van 119.2 miljoen ton vir die 2017/18 seisoen geskat wat hoër is as die 117.2 miljoen ton van die vorige seisoen. Die USDA het ook die wêreld eindvoorraad vlakke vir die 2017/18 seisoen hoër aangepas tot en met 97.78 miljoen ton vanaf die vorige skatting se 93.53 miljoen ton. Die CBOT sojabeonpryse het onder druk gekom na die USDA se verslag bekend gemaak is met heelwat verkope van sojabone wat in die mark gesien was. **Plaaslik:** Die plaaslike sojabeonmark het verlede gemeng verhandel en het aanvanklik in die week goeie ondersteuning gevind, en weer nader aan die einde van die week onder druk gekom. Die mark het week egter effens hoër afgesluit as waarteen dit Maandag geopen het.

Sonneblom saad: In Rusland en in die Oekraïne is die produksievooruitsigte van somergrane vir die seisoen tot dusver steeds gunstig in die belangrikste produserende areas en die gekombineerde sonneblom saad produksie vir hierdie twee lande word op 25.5 miljoen ton vir die seisoen geskat. Die verwagtinge is dat die hierdie twee lande se uitvoere van sonneblom olie ongeveer 22% meer behoort te wees vir die seisoen terwyl die uitvoere van sonneblom meel ongeveer 37% meer behoort te wees vir die seisoen. Die verwagtinge is egter steeds dat dit baie onwaarskynlik sal wees vir die wêreld sonneblom produksie om verlede jaar se goeie jaar te herhaal en dat die produksie vir die seisoen laer behoort te wees as verlede jaar se produksie. Die verwagtinge is egter dat die voorraad van sonneblom olie en meel meer beperk behoort te wees hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblom mark het verlede week gemeng verhandel met die pryse wat vroeër die week onder druk gekom het, maar meer ondersteuning gevind het later in die week om byna onveranderd af te sluit vir die week.

Kanola: Die wêreld uitvoere van kanola en raapsaad word geskat om te daal met ongeveer 2 miljoen ton in die 2017/18 seisoen hoofsaaklik as gevolg van laer voorraadvlakke in Kanada en Australië. Die produksiekondisies in hierdie twee lande is ongunstig en het die afgelope tyd verdere agteruitgang getoon wat ook druk plaas op die produksies en die laer voorraadvlakke wat reeds gesien word as gevolg van verlede jaar se kleiner oes in hierdie lande. Die beter produksiekondisies in die EU en die Oekraïne sal nie voldoende wees om die kleiner produksies in Kanada en Australië uit te kanselleer nie. Die kanola pryse Kanada en die EU het die afgelope tyd versterk en die verwagtinge is dat die prysgaping tussen die kanola pryse en die sojabeonpryse verder kan vergroot. **Plaaslik:** In die plaaslike kanola mark is die fokus hoofsaaklik op die situasie in die Weskaap met baie van die kanola daar wat nie ontkiem het nie as gevolg van die droë toestande in die streek. Die eerste oesskatting van wintergrane word die 29ste Augustus bekend gemaak en dit sal meer duidelikheid op die produksieverwagtinge vir die seisoen plaas.

Grondbone: In die VSA is daar nie meer baie van die huidige seisoen se grondboonvoorraad beskikbaar nie, maar die nuwe seisoen produksies vorder goed met die weerstoestande wat grootliks gunstig is in van die produserende gebiede. In Argentinië duur die stroop van grondbone steeds voort en word geskat om ongeveer 90% voltooid te wees. Probleme met weerstoestande daar het kwaliteitsprobleme in die produksies veroorsaak met kleiner pitte wat gesien word.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za